Tribulus terrestris

E: devil's thorn, devil weed, burnut, puncture vine

A: dubbeltjie, duwweltjie, duiweltjie, rankdubbeltjie, driedoringdubbeltjie, duifiedoring, volstruisdoring, hondedoring

D: Morgenstern, Erdsternchen, Dreispitz, Erdburzeldorn, Mäusedorn, "Pieka" ☺

H: ohongwe

perfek gevormde doring

As daar een plant is, wat ons NIE KAN IGNOREER NIE, dan ist dit die dubbeltjieplant! Die eerste ondervindings daarmee kom al in baie jong jare, eintlik as ons beginne loop. Wie ken nie die brandpyn wat 'n dubbeltjie op die voetsool veroorsaak nie!? Hoe VERMAAKLIK is Pa se kreet uit die badkamer nie, as hy een van hulle op die koel en skoon vloer raakgetrap het ! Dink net aan die HOUDING: die hele liggaam knak na een kant toe.Kinders leer gougou om "skuifvoets" deur dubbeltjies te beweeg, honde loop drie-, selfs tweebeen met dorings in opgeligte pote.

In sportkringe is hierdie spesie goed bekend (hoewel ook omstrede): daarvan word middels (tonikum en kapsules) vervaardig wat spieropbouende werking toon. Ook versterkte manlikheid (by ROTTE getoets en vasgestel ☺) word opgemerk.

takke van Tribulus terrestris en Tribulus zeyheri langs mekaar

vruggie van Tribulus zeyheri

Die twee spesies lyk BAIE na mekaar, soveel so, dat die verskille nogal nie opvallend is nie:
Tribulus terrestris groei PLAT OP DIE GROND,
T.zeyheri ook, maar KAN OOK 'n OPREGTE BOSSIE vorm.
T.terrestris se blom is kleiner as T.zeyheri s'n.
Die vruggies (dorings) lyk verskillend.
Hulle kom feitlik oor die hele land voor, asook in Botswana en die RSA.
Dat hulle so wyd verspreid is, is geen wonder nie; dink net hoe ver vat skoensole en motorbande die dubbeltjies! EN dink net daaraan HOEVEEL vruggies (wat elk uit vyf dele met een saadjie daarin bestaan) aan so 'n plant kan groei! Ook onder moeilike omstandighede groei hulle, die oorlewingsdrang ist STERK.

Gebruike

VOEDING: dis 'n baie voedsame plant (bevat askorbiensuur wat baie vitamiene C bevat.....geen wonder, tarentale kry nie skeurbuik (Skorbut) nie!!

omtrent een koppievol dorings in tarentaal se krop

Veral hoendervoels, wilde diere en vee vreet dit graag.
OPPAS VIR VERLEPTE DUBBELTJIEPLANTE!!! Hulle maak diere baie siek (tot die dood toe), genoem "Geeldikkopsiekte".
Of diere moet toegelaat word om vars plante te vreet, of die plante kan gesny, GEDROOG en dan gevoer word.

WAPEN: in Botswana het moorde plaasgevind deur vergiftigde dubbeltjies op die aanstaande slagoffer se voetpaadjie te strooi.

MEDISINALE GEBRUIKE:
Dit werk diarree tee, bevorder urinering, melkproduksie by jong moeders, dit help stop keelseer en ooginfeksies, is bloedreinigend en verlaag die bloeddruk.
Ons leer: God se apteek is groot en wonderbaarlik, maar ook gevaarlik.
As ons dit gebruik, moet ons WEET HOE!

Weereens 'n plantsoort met baie fasette, die moeite werd om iets oor te weet; vermaaklik, "seermaaklik", dikwels sommer net 'n "nuisance"!

Inligtingsbronne: Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.v.Koenen)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)
Wildflowers, Water plants and Grasses of the Okavango Delte and Kalahari (Veronica Roodt)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2015